NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 21 -2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

■ Fochville-Noord hou hul jaarlikse beroemde Famfest op Vrydag 1 September van 10:00 tot laataand

Dit is met groot vreugde en opgewondenheid dat ons elkeen wil uitnooi van ons 2017 Familiefees. Vir elkeen wat die basaar bywoon moet dit nuwe vreugde en hoop in hul harte gee. Ons beplan groot dinge vir vanjaar

se Familiefees. Ons doel is om dit vir elkeen wat die basaar bywoon baie spesiaal te maak. So kom geniet hierdie spesiale geleentheid saam met ons.

Ons tema is ***"Deel jou Feeshart!"*** Ons basaar is deel van ons gemeente se totale doel om 'n gemeente te word wat nog meer en beter in diens van die Here 'n verskil maak in die wêreld. Ons wil deur die fondse wat ons inkry 'n verskil maak in mense se lewens na buite. Ons eie lewe gaan ook die verskil beleef wanneer ons saam werk vir die Here. *"Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Hand. 20:35b). Ons glo jy gaan ook 'n verskil in jou lewe ervaar as jy by ons kom kuier en in ons vreugde deel. Die Here verander ons harte na Christusharte, sodat Hy ons kan gebruik om ander se harte te verander.

Ons prys die Here vir die seën wat Hy deur hierdie Familiefees bring. Verlede jaar het die Here ons geseën met 'n bedrag van R1 769 354. Kom raak deel van die vreugde en kom maak 'n verskil in iemand anders se lewe.
- Ds. PC Pretorius

■ Vakature vir leraarspos - drie jaar vaste termyn: Lichtenburg-gemeente

Hierdie dinamiese, 132 jaar oue gemeente is geleë in 'n plattelandse gemeenskap in Noord-Wes, waar die meeste werkende lidmate in diens staan van maatskappye wat die landboubedryf ondersteun. Hier is tans 477 Belydende lidmate en 115 Dooplidmate.

Werksprofiel

- Ampspligte : Volgens Artikel 9 van die Kerkorde
- Die navors, opstel en implimentering van 'n toekomsstrategie vir die gemeente en die NG Kerk in die dorp (daar is drie ander gemeentes). Dit sal navorsing en gesprekvoering met alle partye insluit.

Vergoeding

- Sinodale skaal met gewone voordele vir medies en pensioen.
- Subsidie word vir behuising voorsien (koop of huur.)

Aansoek

- Aansoek moet per e-pos gestuur word aan kerkkantoor@klipkerk.org.za
- Aansoek moet 'n kort CV en minstens drie verwysings insluit.

- Sluitingsdatum vir aansoeke : **15 September 2017**
- Aansoekers wat die kortlys haal, sal genooi word vir ‘n preekgeleentheid en ‘n onderhoud (saam met gade indien getroud).
- Daar sal van die kandidate vereis word om deel te neem aan psigometriese evaluering.

(Die Kerkraad is nie verplig om uit die aansoeke ‘n aanstelling te maak nie.)

Gemeentes wat saamsmelt en kombineer

Blyvooruitzicht is in Junie by Carletonville-gemeente ingelyf.
Zeerust-Noord kombineer met Zeerust aan die einde van die jaar.

NUUS VAN ONS SINODE

Sinode Goudland se sinodesitting

Let asseblief daarop dat ons sinode se sinodesitting op **31 Oktober 2017** te Helikonpark, die Tuiste van Sinode Goudland, plaasvind. Dit sal net ‘n eendag-sinode wees.

Vaderskapseminaar

Waarom’n vaderskapseminaar?

Afwesige vaders in Suid-Afrika het ‘n uiters negatiewe impak op ons samelewing. Die persentasie afwesige pa’s in ons land, ingedeel volgens bevolkingsgroepe, is soos volg:

- Indiërs - 17%
- Blankes - 19,2%
- Kleurlinge – 47%
- Swartes – 68,9%

Verder het navorsing bewys dat 1 uit 3 kinders mishandel of molesteer word en meeste van die tyd is die molesteerder bekend aan die kind. Ook word 1 uit 4 vroue word fisiek mishandel.

In gesinne waar die pa teenwoordig en aktief betrokke by sy kinders is, funksioneer kinders beter op sosiale, emosionele en kognitiewe vlak.

Fokus van seminaar:

Met die beplande seminaar gaan gefokus word op die ***“The World Needs a Father”*** beweging. Dit is ‘n wêreldwye bewing wat fokus op die bou van gesonde gesinne en gemeenskappe. Meer inligting daaroor is beskikbaar op die webblad www.theworldneedsafather.com.

Gemeenteleiers en pa’s word uitgenooi na ‘n seminaar wat aangebied word deur Vian Storm, ‘n geakkrediteerde meester mentor van die “The World Needs a Father” beweging.

Detail van seminaar:

Datum: **Saterdag 16 September 2017**
Tyd: 08:30 tot 13:00
Plek: River of Life Church, Elliotstraat, Vanderbijlpark
Koste: R100 per persoon

Indien u belangstel om die geleentheid by te woon kan u ‘n epos stuur na heleen@ngwelsyn.co.za. ‘n Registrasievorm sal dan aan u voorsien word. Navrae kan gerig word aan Heleen Scholtz by 082 451 7684.

Sluit af, en tree af.

Nou lê iets groots voor! Aftrede werkswinkel vir leraarspare:

- Aftrede kan angswekkend wees
- Aftrede verg meer as finansiële beplanning
- Aftrede moet uiters persoonlik beplan word

Hierdie is ‘n unieke kans vir leraars wat naby aftrede is (5 jaar) en hul eggenotes om te gesels oor hierdie uitdagende lewensfase. Hierdie kursus word aangebied deur dr Henk Gous en is ‘n uitbouing van die kursus van dr Deon Bruwer.

Hierdie is omvattende aftredebeplanning , nie net finansiëel nie.

- Die finansiële beplanning word gelewer deur Theo Smith van die Pensioenfonds.
- Dit hanteer ook gesonde losmaking van jou gemeente.

Datum: **Vrydag 29 September 18:00 tot Sodag 1 Oktober 17:00.**
Koste: R1300 per persoon. Egpare van Goudland kry ‘n subsidie van R1000 omdat dit so noodsaaklik is om aftrede saam as egpare te beplan.
Plek: Cyara Manna-terrein van Youth for Christ, Hekpoort.

Stuur asseblief bevestiging so gou moontlik want slegs plek vir 12 pare, of voor 4 Sep. Betaling verkieslik dadelik maar asb voor **4 September** aan NG kerk Sinode Wes Absa tjek 1420146708. Verwysing: Naam & Aftrede.
Henk Gous, namens Sinode Goudland Predikantebediening

Brugbediening

Wanneer ‘n voltydse predikant of pastor weggaan, gaan gemeentes deur ervarings van verlies of Verligting. Enigeen van hierdie emosies (of beide) vra vir begeleiding. As individue dit nodig het, die Liggaam nog meer!

En die pennie het mos darem nou goed geval: gemeentes is belangrik! Geen wonder nie dat so baie kerke rondom die wêreld voorsiening maak vir spesifiek opgeleide predikante wat hierdie proses kan begelei. Hier-die interim of brugpredikante is nie pastorale hulpe nie; ook nie maar net charismatiese pPredikers; ook nie maar net kundige bestuurskonsultante nie. Hulle is meer: minstens begeleiers van korporatiewe trauma tydens verandering; minstens pastors wat die binnewerk van gesonde gemeentes verstaan; minstens begeleiers na openheid vir ‘n nuwe bediening waar daar voortgegaan word om die bediening aan die gemeente terug te gee en saam met die gemeente die wil van die Here te soek.

Kerke binne ons land vereis formele opleiding vir hierdie brugpredikante. Gemeentes is net eenvoudig belang-rik genoeg om in ‘n tyd van vakatures deur spesifiek opgeleide persone begelei te word. Sommige kerke bestuur dit reeds met ‘n goed saamgestelde reglement. As geloofsgemeenskappe is ons dit aan mekaar verskuldig. Binne die reformatoriese tradisie was ons nog nooit skaam om te erken dat ons nie maar alles kan doen nie: ons lei begaafde mense op om dit waartoe hulle geroep is, selfs beter te doen.

Predikante wat die kursus doen met die oog daarop om gemeentes as brugleraar te bedien, kan by Predikan-tebediening ‘n versoek rig om subsidie vir die koste van die kursus.

Plek: Universiteit Van Pretoria. Registrasie Kode: P001151. **Verdere Info:** 012 420 4952
Week 1: 28 - 31/08/2017
Week 2: 06 – 09/11/2017
Kursus Koste: R1900 (BTW Inkl)
Kursus koördineerders: Malan Nel, Howard du Toit

Leiersberaad

Ons sinode se Missionale Kerkwees hou ‘n Opvolg-Leiers-beraad vanaf 14 tot 15 September 2017 met die volgende uitkomste in die oog:

- Verfyning van raamwerkdokument met die oog op ‘n gesamentlike visie
- vir missionale kerk-wees in ons konteks (met die fokus op gemeentes).
- Ontvang en evalueer die terugvoering van ringe (mis-sionale ringsittings)en van die gesprekke met leraars.
- Ontwerp ‘n proses vir die implementering van die raamwerkdokument deur die sinode, sinodale taakspanne en ringe.
- Gesamentlike beplanning vir n missionale sinode op 31 Oktober 2017.

NUUS VAN DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Nasionale Vrouekonferensie: Skittervroue bymekaar

Anso Steyn, voorsitter van die NG Kerk Vrouebediening, skryf:
Die Nasionale Vrouekonferensie van NG Kerk vroue word **8-9 September 2017** by die Kovsiekerk in Bloemfontein gehou. Spreker is Dr Jannie Le Roux – Die Wonder Werk van Vreugde!

Ongelooflike getuienis gaan gelewer word oa van 'n vrou wat in die Tsunami op wittebrood was – 'n Spesiale Skittervroue Lied – en nog baie meer om jou geestelike energie-tenk te vul! Meer besonderhede is op Facebook beskikbaar.

Vul die Inskrywingsvorm in ('n MS Word dokument wat jy op jou rekenaar aflaai en voltooi) – doen die betaling en stuur dit alles aan ons terug vir die registrasie.

ANDER NUUSBROKKIES

Met meegevoel

Albertus (AJ) Smuts (emeritus (91) en vroeër professor in Praktiese Teologie by Teologiese Fakulteit UP) – 'n Gedenkdiens vind plaas op Vrydag, 25 Augustus 2017, om 13:00 by Kronendal Aftree-oord. (met dank aan Verskil)

Bronne vir die viering van Reformasie 500

Vanjaar vier die Protestantse kerke die 500-jarige herdenking van die begin van die Reformasie. Martin Luther het op 31 Oktober 1517 die geskiedenis van Europa radikaal verander toe hy sy 95 stellinge teen die deur van die kasteelkerk in Wittenberg vasgekap het. Daar is verskeie bruikbare kortfilms op Youtube beskikbaar wat vir ons perspektief op die Reformasie gee. Sommige fokus meer op die geskiedenis en die impak, en ander op die kerklike en teologiese betekenis van die Reformasie. Ons kan gerus hiervan in erediens, by kleingroepe of tuis benut.

Kyk na die volgende:

- 500th Anniversary of the Protestant Reformation is 'n Youtube-kanaal waar reeds ses kortfilms met baie goeie agtergrond oor die reformasie verskyn het.
- Luther and the Protestant Reformation: Crash Course World History gee 'n goeie oorsig oor die Reformasie, met goeie animasie en 'n ligter aanslag.
- The Protestant Reformation is 'n program van die History Channel wat ook die Engelse Reformasie toelig.

Jy kan ook net op Youtube.com soek na "Protestant Reformation" en 'n magdom ander bronne sal hulself aanbied.

Saamkleurpret oor die Vyf Sola's
Bybel-Media het ook 'n wonderlike bron, Saamkleurpret oor die Vyf Sola's van die Reformasie, saamgestel. Klik hier vir meer informasie. (met dank aan Grenspos)

INTERESSANTE ARTIKELS

Why dying churches die

Many churches are dying. Some are so sick that they are a few years, perhaps just months, from death. But too many refuse to do anything. Any potential and dramatic turnaround will not take place because these churches do nothing.

Why? Why do these dying churches walk resolutely down the path of death? Why don't they attempt something dramatic, something bold? I have worked with too many of these churches. Allow me to share six common responses to these questions. Read further. (met dank aan Grenspos)

Mark Zuckerberg: Facebook vs kerk vir "community"

Onlangse navorsing wys op ses temas in mense se soeke na betekenisvolle lewens: gemeenskap, persoonlike transformasie, sosiale transformasie, om sinvol en met 'n doel te leef, kreatiwiteit en verantwoordbaarheid. Mense soek (en vind) hierdie sin binne én buite die kerk.

Hoe spreek die kerk in sy bediening hierdie soeke aan? En sê dit dalk iets oor die kerk se teenwoordigheid op sosiale media? Die volledige artikel, met erkenning aan "Christianity Today", is hier beskikbaar. (met dank aan VrydagNuus)

Loving thy neighbour: Beter benutting van sosiale media

Dr Gerhard Bothma skryf:

Ek het onlangs by Loving thy Neighbour begin werk en het die voorreg om veral kerke en gemeentes te help om kostes te bespaar en sosiale media só te benut dat dit hulle inkomste verhoog. Loving Thy Neighbour is 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie wat gratis diens lewer aan liefdadigheidsorganisasies, kerke, gemeentes, skole en ander instansies wat donasies nodig het.

In 'n snel veranderende sisteem waarin die digitale wêreld en sosiale media 'n al hoe groter wordende rol speel help ons dié instansies met veral drie dinge:

- om hulle nóg meer sigbaar te maak in die gemeenskap en die digitale wêreld deur sosiale media aan te wend tot bevordering van hulleself en hulle werk en die verkryging van finansies van buite;
- om banktransaksiekostes op debietorders en donasies aan hulle te bespaar; en
- om strategieë te help ontwikkel en te implementeer sodat hulle in die huidige ekonomiese omgewing kan floreer.

Ons bied 'n gratis platform aan waarop organisasies hulle digitale voetspoor kan verbeter en daardeur hulle kanse om donasies en/of bystand van buite eie bereik te kry verbeter.

Ons bied ook gratis opleiding – wat 'n dag lank duur – in die benutting van sosiale media hiervoor aan.

Gaan kyk gerus na ons webblad, www.lovingthyneigbour.org, ons Facebookblad https://www.facebook.com/LovingThyNeighbour/ en 'n kort video deur ons ambassadeur, dr Gustav Gous, by http://www.youtube.com/watch?v=Y23FX0oOw0c&feature=youtu.be.

Ek sal baie graag verder met jou en/of rolspelers by julle verder wil gesels.
Kontak my gerus met enige navrae - gerhard.bothma@lovingthyneighbour.org. (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN SEMINARE

Crisis And Trauma Support

A premier course offered by the centre for contextual ministry at the University Of Pretoria.

Purpose of the course: to enable community leaders, caregivers and counsellors to do crisis and trauma support within a caring environment, assessing victim towards recovery and healing.

Who may attend: the general public, but particularly volunteers, community leaders, caregivers and counselors

Structure: 5 weeks of contact tuition of one night per week. Homework assignments which have to be completed to obtain a certificate

Date: 29 August 2017.
Time:18h30
Venue: Doxa Deo Moot Campus Ben Swart Street 1245 Môregloed

Course content: understand and describe trauma in general terms, as well as the impact of trauma on the lives of individuals and the community. Identify, understand and describe typical trauma situations within our

communities. Understand and desrcribe the difference between trauma support and trauma counselling. Understand the impact that exposure to trauma is likely to have on caregivers, and how to deal with the impact
Cost: R1200 (incl. Vat) (the registration form is attached)
Contact - Roelf Schoeman, 083 400 1571

Konferensie oor versoening

Die Fakulteit Teologie hou 'n konferensie oor versoening met die tema: ***"Maak oop die hekke vir 'n nuwe perspektief op versoening"*** op **7 September 2017.**
Plek: Lesingsaal: Eeufeeslokaal Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria

---

BYBELMEDIA

Die jongste Kerkbode ...

In Kerkbode van 25 Augustus kan u lees van die doelbewuste skuif wat 'n aantal gemeentes in die Oostelike sinode wil maak om meer missionaal kerk te wees.

Daar word berig oor 'n nuwe sentrum vir vroeë kinderontwikkeling in Britstown, van Duitse gelowiges wat omgee vir vlugtelinge, NG lidmate wat omgee vir getremdes.

Lees ook van Wes-Kaapse vroue wat praat oor vroue in die bediening, van 'n vrou wat as teologiedosent aangestel is by Tukkies, oor prof Elna Mouton van Maties en van ds Delmarie Viljoen se ekumeniese bediening in die Suid-Vrystaat.

Daar is 'n artikel oor spirituele begeleiding, 'n verhaal van 'n lidmaat wat deur haar werk ander vroue bemagtig om na weeskinders en bejaardes om te sien, en 'n storie van strome van liefde van talle mense wat oor jare 'n seun help om na 'n motorongeluk weer homself te word.

KERKBODE
Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense
'Ons leer om in die sagte juk van Jesus te leef'

Toerustingsondag: 10 September

Reformasie 500 is vanjaar die fokus vir die derde en vierde kwartaal. BM het met verskeie rolspelers saamgewerk om die materiaal vir die feesgeleentheid (rondom 31 Oktober) daar te stel.

Kyk by www.ngkerk.org.za na Refo 500 óf by www.refo500.christians.co.za na die materiaal wat beskikbaar is.

Toerustingsondag 10 September is ook 'n geskikte geleentheid om 'n Spesiale Kollekte – soos deur die Algemene Sinode in 2015 herbevestig – vir Bybel-Media op te neem.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Jy kan ook gratis op die e-Kerkbode inteken by: www.kerkbode.co.za en ontvang dan die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.

Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).
Die app is gratis beskikbaar by Google Play en Apple se App Store, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

TOEGEVOU IN GOD SE LIEFDE!

CLF (Christelike Lektuurfonds) het besluit om die hawelose mense van Wellington te seën met spesiale slaapsakke, wat nie net skuiling teen koue en nat winterweer, maar ook 'n boodskap van hoop vir 'n moeë hart bied. Hierdie spesiale slaapsakke, gemaak van koerantpapier en herwinde plastieksakke, word deur Harold Abrahams van Bellville gemaak en hy gebruik ook CLF se kleurvolle pamflette om 'n Bybelse boodskap van

God se liefde en aanvaarding op elke slaapsak te plaas.

Ons daag hiermee ander geloofsgemeenskappe uit om die hawelose mense in hul eie area met hierdie slaapsakke te seën en daarmee God se liefde in 'n praktiese manier te toon.

Diegene wat in Kaapstad en omgewing bly, kan gerus van die slaapsakke @R20 per slaapsak by Harold Abrahams – 071 599 2659 – bestel of kliek hier www.youtube.com/watch?v=OqNLayGmC1U om instruksies te sien om as gemeenteprojek jul eie slaapsakke te maak.

Skakel gerus CLF se kantore by 021 873 6964 om gratis pamflette te bestel as julle self slaapsakke wil maak met 'n boodskap van hoop.

Nasionale Testamente Week 11 – 15 September 2017

As jy vandag tot sterwe kom, is jou testament in orde?

Testamenteweek bied jou die geleentheid om kosteloos 'n basiese testament deur 'n deelnemende prokureur te laat opstel. Onthou net om vooraf en vroegtydig 'n afspraak te maak, anders kan u hierdie geleentheid misloop.

Vir meer inligting rakende testamenteweek, sowel as om te sien watter prokureurs in jou area vir hierdie inisiatief geregistreer is besoek Law Society of South Africa se blad by: http://www.lssa.org.za/our-initiatives/advocacy/national-wills-week. Skakel gerus vir Hedwig Moore by CLF - 021 864 3707 of epos aan hedwig@clf.co.za indien jy meer inligting verlang.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS